**Abraham koop ‘n familiegraf**

**Gen 23:1-20**

**3 Desember 2023**

1. Vantevore: Gehoorsaamheid van Abraham lei tot versekering uit hemel dat hy God vrees, en bevestiging van die Here se beloftes met ‘n eed. Gehoorsaamheid van Isak lei tot die openbaring dat die Here ‘n Plaasvervanger sal voorsien wat geregtigheid bewerk vir Abraham se ware nageslag, d.i. die gelowiges
2. Abraham koop ‘n familiegraf (Gen 23:1-20)
    a. Sara sterf op 127 jaar (v1)
    b. Sy sterf by Hebron – waar Abraham vroeër al gewoon het (v2, Gen 13:18)
    c. Na ‘n lang huwelikslewe, treur Abraham oor sy lewensmaat se dood (v2)
    d. 3 Rondtes van onderhandeling tussen Abraham en Hetiete oor die besit van ‘n graf:
        - **Rondte 1** (Gen 23:3-6): Al is Abraham vreemdeling en bywoner, wil hy ‘n <u>begraafplek as eiendom</u> besit. Hetiete betoon respek teenoor Abraham, en bied enige van hulle grafte aan, maar nie as eiendom nie
        - **Rondte 2** (Gen 23:7-11): Vra Hetiete vir voorspraak by Efron om grot van Magpela te mag koop. Efron sê hy sal die grot plus die grond vir Abraham gee – dis nie duidelik hoe eerlik Efron was nie
        - **Rondte 3** (Gen 23:12-16): Abraham wil steeds betaal. Efron maak sy prys bekend: 400 sikkels silwer, wat waarskynlik ‘n hoë prys was (Jer 32:9, 2 Sam 24:24, 1 Kron 21:25). Abraham aanvaar en betaal die prys.
    e. Abraham is die wettige eienaar (v17-18), en begrawe Sara in die grot (v19-20)
    f. Abraham, Sara, Isak, Rebekka, Jakob en Lea is in die grot van Magpela begrawe (Gen 49:29-32, 50:13)
    g. Hoekom soveel drama om die graf te besit as eiendom?
        - Die Here het die land aan Abraham beloof, maar behalwe die put besit hy niks (vgl Gen 13:14-15)
        - Besit van die land sal lank neem: 4 geslagte/400 jaar (Gen 15:13-16) – die graf as eiendom moes die nageslag bemoedig (veral die vlge 3 geslagte)
        - Al gaan Abraham sterf, kyk hy verder as die inname van die land, na die volle vervulling – graf is simbool van hoop (Heb 11:13-16)
3. Jesus koop nie ‘n graf nie (Mat 27:57-61)
    a. Josef van Arimatea begrawe Jesus in sy eie graf
    b. Abraham het geweet die volle vervulling gaan lank neem. Jesus het geweet Hy gaan gou opstaan (Mat 16:21)
    c. Christene: Grot van Magpela / Jesus se leë graf is simbole van hoop – ook nagmaal
4. Ons begrawe vol hoop en met sekerheid (Op 7:9-17, 1 Tes 4:15-18, Op 21:1-7)
    a. Na 4000 jaar, is Abraham se liggaam steeds in die graf. Ons begrawe ook steeds – en die grafte word steeds meer en bly vol. Is daar hoop?
    b. Op 7:9-17 – Al is die liggame van afgestorwe gelowiges in die graf, is hulle siel in die hemel, waar hulle die Here dag en nag dien
    c. 1 Tes 4:15-18 – Met die wederkoms kom hulle siele saam met Jesus en verenig met hulle liggame (die grafte is dan leeg) – ontvang geestelike, onverganklike, onsterflike liggame (1 Kor 15:35-58)
    d. Op 21:1-7 – Volle vervulling van die beloftes van die Here (ook aan Abraham). Volle nageslag van Abraham (Nuwe Jerusalem) in beloofde land (nuwe hemel en aarde)